SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2015

# EKONOMIE V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

* I E C O N A 2 *

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae as volg:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde bo en behalwe die vereiste aantal, sal NIE gemerk word NIE.

3. Beantwoord die vrae in volsinne. Maak seker dat die formaat en inhoud van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

4. Beantwoord die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

5. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

6. Lees die vrae versigtig deur.

7. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

8. Laat 2-3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die mees korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 C.

1.1.1 Wanneer ŉ besluit gemaak word en die volgende beste alternatief nie gekies word nie, staan dit as … bekend.

A ekonomiese hulpbronne
B geleentheidskoste
C skaarsheid

1.1.2 As alle ander dinge gelyk is, hel aanbodkurwes opwaarts van links na regs omdat …

A hoër pryse tot hoër winste lei.
B laer pryse tot hoër uitset lei.
C laer pryse tot hoër vraag lei.

1.1.3 ŉ Stadium in die langtermyn gemiddelde-kostekurwe (LGKK) waar produksie nie toeneem of daal nie, staan bekend as …

A skaalvoordele.
B nie-skaalvoordele.
C konstante opbrengs tot skaal.

1.1.4 Vryheid van toetrede is voor-die-hand-liggend in … markte.

A volmaakte
B volmaakte en monopolistiese
C monopolie

1.1.5 ŉ Plaaslike groep interafhanklike organismes in die omgewing is ŉ …

A ekosisteem.
B eksternaliteit.
C gerief.

1.1.6 Wanneer besitreg aan lede van die gemeenskap toegeken word, kan hulle …

A omgewingsbeleide ignoreer.
B hulpbronne misbruik.
C beter na die omgewing omsien.

Kopiereg voorbehou 

1.1.7 Watter van die volgende is ʼn eienskap van die Wêreldbank?

A Dit verskaf finansiële hulp aan ontwikkelende lande.
B Dit word deur die Europese Unie besit.
C Dit is ʼn groot lener aan multinasionale korporasies.

1.1.8 Die Minister van Omgewingsake in Suid-Afrika is …

A Mnr. Blade Ndzimande.
B Me. Baleka Mbete.
C Me. Edna Molewa. (8 x 2) (16)

1.2 Kies ʼn omskrywing uit KOLOM B wat by ʼn begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.9 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 GEAR | A Investering in ʼn ander land in die vorm van geboue en kapitaaltoerusting |
| 1.2.2 Noord-Suid verdeel | B ʼn Formele ooreenkoms tussen lande |
| 1.2.3 Mark-ewewig | C Goedere en dienste word verhandel |
| 1.2.4 DBI | D Gemik op verbetering van ekonomiese groei, ontwikkeling en vermindering van werkloosheid |
| 1.2.5 Protokol | E Ontwikkelde lande in die Noorde het onderontwikkelde lande in die Suide gekoloniseer |
| 1.2.6 Relatiewe pryse | F Die hoeveelheid gevra deur die huishoudings is gelyk aan die hoeveelheid aangebied deur besighede |
| 1.2.7 Minder-waardige goedere | G Meer elasties oor die korttermyn as oor die langtermyn |
| 1.2.8 Goedere-mark | H Vergelyking tussen pryse van goedere |
| | I Aangevra in kleiner hoeveelhede wanneer inkome styg |
| | J Ryk lande van die Suide |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee die korrekte begrip vir die volgende frases:

1.3.1 ŉ Verandering in prys wat presies dieselfde verandering in hoeveelheid gevra teweegbring

1.3.2 ŉ Scenario waar ŉ land ŉ produk meer doeltreffend produseer as andere

1.3.3 Graad van bevrediging wat ŉ verbruiker ervaar deur ŉ addisionele eenheid van ŉ produk te verbruik

1.3.4 Toekomstige veranderinge in reënval en temperatuur

1.3.5 Koste om totale uitset te produseer

1.3.6 Die permanente vernietiging van inheemse woude en bosse

(6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

### VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van monopolistiese markte. (2)

2.1.2 Verduidelik wat met *oorskot vraag* bedoel word. (2)

2.2 Bestudeer die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

**LUGHAWENSMAATSKAPPY VAN SUID-AFRIKA (ACSA)**

ACSA praat baie oor verbruikergesentreerde diens, maar sy dade demonstreer sy minagting van kliënte. ʼn Mens hoef nie verder te kyk as na die lugvaartindustrie om die voordele van mededinging in die mark bekend te stel nie. Nie almal mag hou van laekoste-rederye soos *Kulula* en *1time* nie, maar hulle gee mense ʼn keuse en saam met prysvergelykings webtuistes soos **southafricato** kon lugrederye dramaties afgebring word. Mededinging het die lugvaartindustrie getransformeer, tog gaan ʼn gereguleerde monopolie voort om ʼn diens te lewer met eindelose gewag vir bagasie, hoë vlakke van diefstal en ontbrekende lughawe-sekuriteit.

[Bron http://southafricato/airports/ACSA]

2.2.1 Wat is ʼn *monopolie*? (2)

2.2.2 Sal jy die taxi-industrie in Suid-Afrika as ʼn monopolie beskryf? Verduidelik. (4)

2.2.3 Noem enige TWEE voordele van mededinging soos in die uittreksel uitgelig. (2)

2.2.4 Identifiseer TWEE van die Suid-Afrikaanse Lugdiens se mededingers. (2)

2.3 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg:

| UITSET | TK | TKK | TVK | GVK | MK |
|---|---|---|---|---|---|
| 0 | 20 | 20 | 0 | 0 | - |
| 1 | 25 | 20 | 5 | **C** | 5 |
| 2 | 28 | **A** | 8 | 4 | 3 |
| 3 | 30 | 20 | 10 | 3,3 | 2 |
| 4 | **B** | 20 | 16 | 4 | 6 |

2.3.1 Gee die waardes van **A** en **C**. (2)

2.3.2 Beskryf die verhouding tussen gemiddelde totale koste en skaalvoordele. (4)

2.3.3 Noem enige TWEE voorbeelde van konstante koste. (2)

2.3.4 Waarom verander veranderlike koste met uitset? (2)

2.4 Onderskei tussen *kostes oor die korttermyn* en *kostes oor die langtermyn*. (8)

2.5 Met behulp van ŉ grafiek, verduidelik die verhouding tussen gemiddelde en marginale inkomste wanneer die prys dieselfde by alle vlakke van uitset is. (8)

**[40]**

## VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae:

3.1.1 Noem enige TWEE positiewe gevolge van globalisasie. (2)

3.1.2 Verduidelik kortliks hoe armoede lei tot omgewingsdegradering. (2)

3.2 Bestudeer die volgende spotprent en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: graceatelmberg.wordpress.com/2011/12/05/globalization-part-2-political-cartoons]

3.2.1 Verduidelik die begrip *vryhandel*. (2)

3.2.2 Noem TWEE negatiewe invloede van vryhandel, volgens die spotprent. (4)

3.2.3 Omskryf kortliks die rol van die WHO. (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**HOEKOM WATER BEWAAR?**

Die water wat beskikbaar is aan planeet Aarde, is dieselfde water wat altyd beskikbaar was en die enigste water wat ooit beskikbaar sal wees. Omdat water driekwart van die aarde se oppervlakte beslaan, mag dit voorkom asof daar baie in omloop is. In werklikheid, egter, het ons beperkte hoeveelhede bruikbare varswater ….

Die kwessie van waterbewaring gaan nie oor "besparing" van water nie – dit is om oor genoeg skoonwater op enige gegewe tydstip en plek te beskik, om in ons behoeftes te voorsien. Gifford Pinchot, ŉ Amerikaanse natuurbewaarder en politikus wat as hoof van die VSA se Bosboudienste tussen 1898 en 1910 gedien het, verwys na bewaring as "Die wyse gebruik van die aarde en sy hulpbronne vir die voortbestaan van die mens." Die bewaring van ons waterbronne hang af van ons wyse gebruik van hierdie bronne. Sulke wyse verbruik, begin sonder twyfel tuis, en in ons gemeenskap.

Maar menslike aktiwiteite kan ook probleme met beskikbaarheid van water veroorsaak. In sommige gevalle, moes gemeenskappe ander bronne vir drinkwater gaan soek omdat hulle watervoorsiening besmet was. Byvoorbeeld, infiltrasie van petrol uit lekkende ondergrondse opgaartenks, in ŉ ondergrondse waterput, is al wat dit verg om die waterput onbruikbaar te maak. Wanneer grondwater besmet word, kan dit jare neem of selfs dekades om dit self weer natuurlik skoon te maak.

[Bron: (aangepas) www.epa.gov/region1/..../gndw_712pdf]

3.3.1 Wat beteken *bewaring van water*? (2)

3.3.2 Wat, volgens die uittreksel, is die rede vir die bewaring van water? (2)

3.3.3 Verduidelik kortliks enige maatreëls wat toegepas kan word om water te bewaar. (2 x 2) (4)

3.3.4 Watter regeringsdepartement het die verantwoordelikheid om te verseker dat water bewaar word? (2)

3.4 Verduidelik die *armoede gaping* as ŉ maatstaf van armoede. (8)

3.5 Verduidelik waarom die teorie van vergelykende voordeel as ŉ argument ten gunste van vrye internasionale handel gebruik word. (8)

**[40]**


**VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae:

4.1.1 Noem enige TWEE soorte wins. (2)

4.1.2 Verduidelik EEN impak van ontbossing. (2)

4.2 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




4.2.1 Identifiseer en verduidelik die soort elastisiteit wat hierbo geïllustreer word. (3)

4.2.2 Watter soort goedere sal onder hierdie soort elastisiteit val? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

4.2.3 Watter voordeel hou hierdie soort elastisiteit vir die verkoper in? (4)

4.3 Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat volg.




4.3.1 Verduidelik in jou eie woorde die begrip *omgewingsvriendelik'*. (2)

4.3.2 Watter impak sal die motor in die spotprent op die omgewing hê? (4)

4.3.3 Verduidelik die maatreëls wat deur Suid-Afrika getref word om die impak van die voertuig, in die spotprent, te verminder. (4)

4.4 Verduidelik kortliks die eienskappe van 'n oligopolie. (8)

4.5 Verduidelik hoe die vraag na 'n produk beïnvloed word deur die pryse van verwante goedere. Gee voorbeelde. (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding** | Maks. 2 |
| **Inhoud**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in detail/In diepte bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Verduidelik/Assesseer/Debatteer | Maks. 26 |
| **Addisionele gedeelte:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks | Maks. 10 |
| **Slot** | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

Pryselastisiteit van aanbod sal altyd positief wees as gevolg van die wet op aanbod.

- Met behulp van grafieke, beskryf die verskillende kategorieë van pryselastisiteit van aanbod. (26)
- Verduidelik die pryselastisiteit van aanbod vir mielies oor die kort en langtermyn. (10)

**[40]**

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**
**40 PUNTE – 40 MINUTE**

'n Groot persentasie van ons bevolking lewe steeds onder nadelige toestande van armoede.

- Brei uit oor die oorsake van armoede. (26)
- Beklemtoon die verskeie stappe wat die regering onderneem het om die probleme ten opsigte van armoede, tussen 1994 en 2014, aan te spreek. (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou